# HOOFSTUK 4
# EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGE

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die steekproef en die semi-gestruktureerde onderhoudskedule wat die navorser in die navorsingsproses gebruik het, bespreek. Die navorser noem ook die toepaslike inligting vanuit elke gevallestudie en lewer 'n samevatting van die resultate. Die bevindinge van hierdie studie word vergelyk met vorige relevante navorsing.

## 4.2 STEEKPROEF

Die navorser het vyf kinders van vyfjarige ouderdom gebruik in die navorsingsproses. Hierdie kinders is pre-primêre leerlinge van die skool, Babin, in Stellenbosch. Daar is dertig vyfjarige leerlinge in Babin. Die navorser het 'n doelgerigte steekproef van vyf leerlinge uitgekies om aan die navorsingsproses deel te neem. Drie van hierdie leerlinge was dogters en twee was seuns.

Die navorser het die onderstaande selekteringskriteria gebruik om die kinders uit te kies:

- Nie een van die kinders het 'n mate van kleurblindheid ervaar nie.
- Die kinders se moedertaal is Afrikaans.
- Die kinders is woonagtig binne die landdrosdistrik van Stellenbosch.
- Al die kinders was vyf jaar oud tydens die navorsingsproses.

## 4.3 SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE: KLEUR AS HULPMIDDEL IN DIE IDENTIFISERING VAN EMOSIE

Die navorser het kleur as hulpmiddel gebruik in die semi-gestruktureerde onderhoude. Die kleure wat gebruik is sluit die basiese agt kleure, soos geïdentifiseer deur Jolles (1957:82) in, naamlik swart, blou, pers, bruin, rooi, oranje, groen en geel. Die navorser het egter twee kleure, naamlik wit en pienk, bygevoeg.

Die semi-gestruktureerde onderhoudskedule bestaan uit nege progressiewe stappe en sluit aan by die Gestaltmetodiek. Dit word vervolgens in verduidelik.

### 4.3.1 Sensoriese kontakmaking

Die meeste aksies, denke en emosies van die mens vind binne die onbewuste plaas (Schoeman & van der Merwe, 1996:53). Sensoriese stimulasie is nodig om te verseker dat die kind in voeling kom met sy emosie in die hier-en-nou. Sensoriese stimulasie is gedoen deur die opskerping van die kind se sintuiglike ervarings. Die vyfjarige kind is gevra om byvoorbeeld te noem wat hy sien, ruik en voel. Die navorser is van mening dat die vyfjariges dit geniet het, want dit was ’n ontdekking van die self.

### 4.3.2 Hoe voel die kind?

Vir sommige kinders is die identifisering van emosies moeilik (Oaklander, 1978:122). Die outeur Shaffer (2002:383) noem dat die vyfjarige kind sy emosies kan onderdruk. Die kind is gevra om sy oë toe te maak vir ’n rukkie en net te dink aan hoe hy op daardie gegewe oomblik voel. Die navorser het dit gedoen om die nuuskierige vyfjarige kind te onttrek van eksterne stimuli. Daarna kon hy weer sy oë oopmaak.

### 4.3.3 Kies ’n sirkel

Die kind is gevra om ’n kleursirkel te kies wat hy dink die beste pas by hoe hy in die hier-en-nou voel. Volgens Oaklander (1978:122) besit die kind ’n beperkte vermoë om sy emosies uit te druk. Juis om hierdie rede het die navorser gebruik gemaak van kleur as hulpmiddel om die identifisering van die emosie te vergemaklik. Die outeur Shaffer noem

dat die vyfjarige kind se kognitiewe ontwikkeling impliseer dat hy op ’n simboliese vlak kan funksioneer. Die navorser het juis kleur as simbool gebruik.

### 4.3.4 Gee die sirkel ’n gesig

Die kind is gevra om vir die sirkel dieselfde gesiggie in te teken as hoe hy in die hier-en-nou voel. Hierdie kleurgesiggie het gedien as ’n projeksie van die vyfjarige kind se emosies. Volgens Schoeman (in Schoeman & van der Merwe, 1996:64) plaas die kind sy eie ervaring of emosie op ’n ander persoon of voorwerp. In hierdie geval het die vyfjarige kind sy gevoel geprojekteer op die kleurgesiggie.

### 4.3.5 Werk met die oorsaak

Die oorsaak van die geprojekteerde gesiggie is in diepte bespreek. Die vyfjarige kind kan al probleme oplos, al volg hy nie logiese stappe nie (Lefrancois, 2001:300). Volgens Santrock (1995:284) maak die vyfjarige kind van primitiewe redeneringsvaardighede gebruik om antwoorde vir hul vrae te vind.

### 4.3.6 Kies weer ’n sirkel

Die kind is gevra om weer ’n kleursirkel te kies. Hierdie sirkel moes ’n verteenwoordiger wees vir hoe die kind graag sal wil voel. Die vyfjarige kon hom verbeel hoe hy graag sal wil voel, want hy is instaat tot verbeelding (Santrock, 1995:281).

### 4.3.7 Gee die sirkel weer ’n gesig

Die kind is gevra om ’n gesiggie in te teken van hoe hy graag sal wil voel. Hierdie kleurgesiggie is as oefening gebruik om die kind te help om in kontak te kom met sy ideale gevoel (Oaklander, 1978:122).

#### 4.3.8 Alternatiewe

Die kind se moontlikhede is oorweeg van hoe hy sy doelwit kan bereik. Die kind het dan self ’n alternatief gekies wat die beste by sy proses pas en het die verantwoordelikheid aanvaar om dit tot uitvoering te bring. Die vyfjarige kind beskik oor die vermoë om verskillende alternatiewe op te weeg en ’n besluit te maak (Santrock, 1995:281).

#### 4.3.9 Bemagtig die kind

Die kind is aangemoedig en bemagtig om sy keuse uit te voer. Die bemagtigingsproses het die volgende behels. Die navorser het na die kind se emosies geluister en dit aanvaar. Hy is met respek hanteer en as mens onvoorwaardelik aanvaar. Die kind is geprys, maar die navorser was te alle tye eerlik met hom (Oaklander, 1978:282). Die kind se selfvertroue is in die proses verbeter deurdat hy in sy eie vermoëns begin glo het.

Hierdie semi-gestruktureerde onderhouskedule word deur die outeur Oaklander (1978:282) ondersteun deurdat sy aanbeveel dat die kind verantwoordelikheid gegee moet word tesame met die vryheid om ’n keuse te maak.

Vervolgens word die gevallestudies bespreek. Die navorser beklemtoon slegs dié dele wat van belang is vir die navorsingsproses. Skuilname vir die betrokke leerlinge is gebruik.

## 4.4 GEVALLESTUDIE 1: HELEN

### 4.4.1 Identifiserende besonderhede

Helen is ’n vyfjarige, Chinese dogtertjie, wie se ouers permanent in Suid-Afrika woonagtig is. Haar gunsteling kleur is pienk. Die navorser het Helen vir ’n enkele kontaksessie gesien by haar kleuterskool in ’n aparte klaskamer. Die sessie het tussen dertig – en veertig minute geduur. Binne hierdie tyd is die bogenoemde semi-gestruktureerde onderhoudskedule deeglik deurgewerk.

### 4.4.2 Navorsingsbevindinge

Helen het gedurende die navorsingsproses vyf emosies geïdentifiseer en die volgende kleure daaraan verbind (Bylae 1):

| EMOSIE | KLEUR |
|---|---|
| Hardwerkend | Pienk |
| Bang | Rooi |
| Kwaad | Wit |
| Gelukkig en bly | Oranje |
| Hartseer | Geel |

Helen was nie daartoe instaat om haar emosie te verbaliseer met die eerste vraag nie. Die navorser het haar toe gevra of sy die emosie wat sy beleef het, aan ’n kleur kon koppel. Die was vir haar moontlik en sy kon toe aan die gesiggie op die kleursirkel ’n emosie koppel. Sy het daarna eers ’n kleur gekies en toe die emosie uitgespreek.

## 4.5 GEVALLESTUDIE 2: WANDA

### 4.5.1 Identifiserende besonderhede

Wanda is ’n vyfjarige dogtertjie en haar gunsteling kleure is pienk en pers. Wanda het een kontaksessie met die navorser deurloop, van ongeveer dertig – tot veertig minute lank. Dit het plaasgevind in ’n aparte klaskamer by haar kleuterskool. Gedurende die kontaksessie het die navorser die semi-gestruktureerde onderhouskedule volledig met haar deurgewerk.

### 4.5.2 Navorsingsbevindinge

Wanda het gedurende die navorsingsproses vyf emosies geïdentifiseer en die volgende kleure daaraan verbind (Bylae 2):

| EMOSIE | KLEUR |
|---|---|
| Sleg | Wit |

| | |
|---|---|
| Bang | Rooi |
| Kwaad | Blou |
| Gelukkig en bly | Bruin |
| Hartseer | Oranje |

Dit was vir Wanda moeilik om uit haar eie haar emosies te verbaliseer. Sy het telkens die emosie aan ’n spesifieke kleur gekoppel en dit daarna geverbaliseer.

## 4.6 GEVALLESTUDIE 3: FERDI

### 4.6.1 Identifiserende besonderhede

Ferdi is ’n vyfjarige seuntjie en sy gunsteling kleur is blou. Die navorser het Ferdi vir ’n enkele kontaksessie gesien by sy kleuterskool. Die sessie het in ’n aparte klaskamer plaasgevind en ongeveer dertig – tot veertig minute geduur. Die semi-gestruktureerde onderhouskedule is in diepte met hom deurgewerk tydens die sessie.

### 4.6.2 Navorsingsbevindinge

Ferdi het gedurende die navorsingsproses ses emosies geïdentifiseer, maar kon net vyf daarvan met ’n kleur verbind (Bylae 3):

| EMOSIE | KLEUR |
|---|---|
| Voel beter | Rooi |
| Bang | Swart |
| Kwaad | Bruin |
| Gelukkig en bly | Wit |
| Hartseer | Geen kleur |
| Lekker | Blou |

Ferdi het nie goed gevoel nie, net beter. Hierdie emosie het hy geverbaliseer, maar het gesukkel met die ander emosies. Hy het eers die kleure gekies en toe sy emosies geverbaliseer. Hy het egter nie vir die hartseer emosie ’n kleur gekies nie.

## 4.7 GEVALLESTUDIE 4: BERNARD

### 4.7.1 Identifiserende besonderhede

Bernard is ’n vyfjarige seuntjie en sy gunsteling kleur is pers. Bernard is deur die navorser vir ’n enkele kontaksessie gesien. Hierdie sessie het plaasgevind in ’n aparte klaskamer by sy kleuterskool en het tussen dertig – en veertig minute geduur. Gedurende die sessie het die navorser die semi-gestruktureerde onderhoudskedule deeglik met hom deurgewerk.

### 4.7.2 Navorsingsbevindinge

Bernard het gedurende die navorsingsproses vyf emosies geïdentifiseer en die volgende kleure daaraan verbind (Bylae 4):

| **EMOSIE** | **KLEUR** |
|---|---|
| Lekker | Groen |
| Bang | Bruin |
| Kwaad | Swart |
| Bly | Pers |
| Hartseer | Rooi |

Bernard kon nie sê hoe hy voel nie. Die terapeut het vir hom gevra of hy ’n kleur kan kies soos wat hy voel. Hy het toe vir die kleur ’n bypassende gesiggie ingeteken en kon dit toe verbaliseer. Hy het op hierdie wyse te werk gegaan met elke emosie.

## 4.8 GEVALLESTUDIE 5: TANIA

### 4.8.1 Identifiserende besonderhede

Tania is ’n vyfjarige dogtertjie en haar gunsteling kleure is pienk, geel, blou en groen. Die navorser het Tania vir ’n enkele kontaksessie gesien. Hierdie sessie het plaasgevind in ’n aparte klaskamer by haar kleuterskool en het ongeveer dertig – tot veertig minute geduur. Die semi-gestruktureerde onderhoudskedule is deeglik deurgewerk tydens die sessie.

### 4.8.2 Navorsingsbevindinge

Tania het gedurende die navorsingsproses ses emosies geïdentifiseer en die volgende kleure daaraan verbind (Bylae 5):

| EMOSIE | KLEUR |
|---|---|
| Skaam | Swart |
| Bang | Blou |
| Kwaad | Geel |
| Gelukkig | Groen en Pers |
| Bly | Bruin |
| Hartseer | Wit |

Tania het uit haar eie gesê dat sy eers die gesiggie wil teken en dan sal sy daaroor praat. So het sy te werk gegaan met elkeen van die emosies. Sy het dit baie geniet en het haar emosies volledig bespreek.

## 4.9 RESULTATE VAN DIE STUDIE

Die resultate van hierdie studie toon dat kinders van vyfjarige ouderdom se assosiasies tussen emosies en kleur nie veralgemeen kan word nie. In die studie van Du Preez (1993:1) het sy bevind dat daar wel ’n beduidende assosiasie tussen emosie en kleur bestaan.

Die semi-gestruktureerde onderhoudskedule wat die navorser gebruik het, is gebaseer op die Gestaltfilosofie. Binne die Gestaltfilosofie word die uniekheid van elke individu sterk beklemtoon. Hierdie studie toon dat elke kind ’n unieke simboliese betekenis aan kleur koppel. Juis daarom is die assosiasies wat die kinders gevorm het aangaande emosies en kleur, ook uniek van aard. Volgens Alschuler en Hattiwick ( in Schaie & Heiss, 1964:21) het die gebruik van kleur waardevolle insette gelewer tot die kinders se emosionele lewe. Hierdie navorsers het egter die resultate veralgemeen en die navorser stem nie daarmee saam nie.

Hierdie studie toon verder dat kleur 'n bruikbare hulpmiddel is in die identifisering van emosies by die vyfjarige kind. Die navorser het agt-en-twintig emosionele response, geassosieer met spesifieke kleure, ontvang van die kinders. Slegs vier van hierdie response stem ooreen met bevindinge vanuit die vorige navorsing. Vervolgens word daar in Tabel 1 op 'n vergelykende wyse gekyk na die bevindinge.

**TABEL 1**

**VERGELYKENDE TABEL VAN NAVORSER SE BEVINDINGE TEENOOR ANDER NAVORSINGSBEVINDINGE**

| KLEUR | NAVORSER SE BEVINDINGE VOLGENS HUIDIGE STUDIE | ANDER NAVORSINGSBEVINDINGE (vergelyk Du Preez, A.B., Levy, B.I., Mella, D.L., Schaie, K.W. & Heiss, R., en Sharpe, D.T.) |
|---|---|---|
| **Blou** | Kwaad<br>Lekker<br>Bang | Waardig<br>Lekker<br>Hartseer<br>Sag |
| **Rooi** | Bang<br>Beter<br>Hartseer | Bang<br>Gelukkig<br>Rusteloos<br>Warm<br>Stimulerend<br>Kwaad<br>Onseker<br>Liefde<br>Haat |
| **Oranje** | Bly<br>Hartseer | Baie lekker<br>Kwaad<br>Onseker |
| **Geel** | Hartseer | Baie lekker |

| | | |
|---|---|---|
| | Kwaad | Kwaad<br>Onseker |
| **Pers** | Gelukkig en bly | Depressief |
| **Swart** | Bang<br>Kwaad<br>Skaam | Onderdrukte emosies |
| **Wit** | Kwaad<br>Sleg<br>Bly<br>Hartseer | |
| **Pienk** | Hardwerkend<br>Bang | |
| **Bruin** | Gelukkig en bly<br>Kwaad<br>Bang | |
| **Groen** | Gelukkig<br>Lekker | |

## 4.10 SAMEVATTING

Hoofstuk 4 het gefokus op die empiriese gegewens van die navorsingsproses en het hierdie studieresultate vergelyk met vorige navorsingsresultate. Die studieresultate het getoon dat die assosiasies wat die vyfjarige kind tussen emosies en kleur vorm, nie veralgemeen kan word nie. Daar is verskeie veranderlikes wat in ag geneem moet word, byvoorbeeld die kind se kleurvoorkeur en die kultuur waartoe hy behoort.

In hoofstuk 5 bespreek die navorser die samevatting van die navorsingsproses, die gevolgtrekkings en aanbevelings.